Gaan honde hemel toe?

(Saamgestel deur Dr. Leon Pienaar)



Baie van ons het al telkemale die verlies en hartseer ervaar wanneer ons ‘n geliefde troeteldier verloor. En dikwels, om die pyn en seerkry te verlig, wonder ons oor hulle heenkome. Waar is hulle heen? Sal ek hulle ooit weer sien? Gaan honde hemel toe?

Ek is seker baie van ons het al die ervaring gehad om aan ‘n kind troos te gee oor ‘n geliefde hondjie- of katjie-vriend wat ewe skielik nie meer daar is nie. In die aand as daar nag gesê word, is dit belangrik dat pa of ma eers vir die hondjie-vriend moet bid. Dan sien jy die pyn in jou kind se ogies as jy in gebed jou kind met die verlies en hartseer aan die Here opdra.

Dan wonder ek weer – gaan honde hemel toe? Met die eerste oogopslag en gedagte daaraan, kom ek tot die gevolgtrekking dat die Bybel nie uitdruklik vir ons die antwoord gee nie. As ek my Bybel egter nader trek en besluit om ondersoek in te stel, begin ‘n ander prentjie egter na vore kom. Of nie?

Ek nooi jou om saam met my Bybelstudie te doen en ‘n paar vrae in die proses te beantwoord. Jy is ook welkom om hierdie Bybelstudie in ‘n kleingroep te deel of saam met jou lewensmaat of gesin deur te werk. Kom ons kyk wat die Bybel sê. Ek verskaf aan jou ook ‘n antwoordstel vir hierdie Bybelstudie, maar met ‘n sleutelwoord wat jy benodig om die antwoordstel oop te sluit. Kom volgende week terug en die sleutelwoord sal dan verskaf word en jy kan jou antwoorde kan vergelyk met die model.

1. **Wat sien ons as ons na die hemel kyk deur Bybelse oë? Lees en gesels oor die volgende skrifgedeeltes?**

   Openbaring 21:4: _____

   _____

   _____

   _____

1 Korintiërs 13:12: _____

_____

_____

_____

_____

2. **Wie is dié wat in die hemel opeindig? Wat sê die volgende skrifgedeeltes hieroor?**

Johannes 14:6: _____

_____

Romeine 10:9: _____

_____

Johannes 3:6: _____

_____

Markus 5:11-13: _____

_____

3. **Met watter doel het God diere geskape? Was hierdie skepping en skeppingsdoel van diere goed in die oë van God? Lees die skeppingsverhaal in Genesis 1 – 2 en maak daarna 'n paar gevolgtrekkings vanuit hierdie skrifgedeelte?**

_____

_____

_____

_____

4. **Wat was God se standaard toe Hy die mens geskape het?**

Genesis 1:26: _____

_____

_____

5. **Vanuit al die skrifgedeeltes hierbo, asook 2 Korintiërs 5:2 en Klaagliedere 12:7, watter gevolgtrekkings kan jy maak aangaande die siel van die mens? Motiveer jou antwoord.**

_____

_____

_____

_____

_____

In hierdie stadium van ons Bybelstudie lyk dit oorwegend of die antwoord "Nee" is. Dit lyk glad nie uit bogenoemde skrifgedeeltes dat dit die geval gaan wees nie. Maar ….

6. **Is dit nie tog moontlik dat jou troeteldier in die hemel sal wees wanneer jy daar arriveer nie?**

Jesaja 11:6: _____

_____

Jesaja 65: 25: _____

_____

_____

_____